

Sing vooraf staande: Psalm 105:5, 6 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige Getuie, die Eerste wat uit die dood opgestaan het, die Heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 108:1, 4 (p. 542)

- 1 Hoe rus, o God, my hart in my / nou 'k U 'n môrelied kan wy.
Ontwaak met my, my harp, ontwaak! / Ek wil die rooidag wakker maak.
U trou en goedertierenheid, / tot bo die hemel uitgebreid,
sal ek verhoog bo al wat leef / met sang wat van ontroering beef.
- 4 Wie bring my in 'n vaste stad? / Wie baan na Edoms land my pad?
U is 't wat ons nie by wou staan, / nie met ons leërs saam wil gaan!
Gee ons u bystand in die stryd, / want mensehulp is nietigheid.
Deur God sal ons tot kragdaad stap; / ons vyand sal Hy self vertrap.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 142:1, 5, 6 (p. 686) (op die melodie van Ps 134)

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 5 Hoor in die nood my roepstem, HEER, / want ek is swak en uitgeteer;
maak my van my vervolgers vry, / want hul getal oorweldig my.
- 6 Voer my uit die gevangenis / waarin my siel gekerker is;
dan sal 'n skare my omring / en vrolik van u weldaad sing.

Gebed

Psalm 68:2, 13 (p. 331)

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!
- 13 Ons prys U, Heer, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o Heer, / eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Skriflesing: Maleagi 4:4-6; Lukas 1:5-25

Kernverse: Lukas 1:18-20

Toe sê Sagaria vir die engel: “Waarom sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my vrou is al op ver gevorderde leeftyd.”

Die engel antwoord hom: “Ek is Gabriël, wat in diens van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding vir jou te bring. Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal word, nie geglo het nie.” (Lukas 1:18-20 AFR53)

Tema: Ons Verbondsgod onthou sy beloftes! Glo jy dit?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in hierdie dae voor Kersfees wanneer ons gelowiges dank en lof aan God bring vir sy onuitspreeklike groot genade aan ons, is dit goed om weer die gebeure wat Jesus se koms na hierdie wêreld voorafgegaan het, aan te hoor. Omdat ons die hele besondere openbaring van die Here in een boek – die Bybel – het, vergeet ons baie maal dat daar tussen die Ou en Nuwe Testament 'n baie lang tyd verloop het. Nadat die Here deur Maleagi, die laaste profeet in die Ou Testament, met sy volk gepraat het, het daar vier honderd jaar verby gegaan – vier honderd jaar waarin die Here nie een keer sy Woord deur enige mens laat hoor het nie. Inderdaad, vier honderd jaar waarin die Here geswyg het, nie direk gepraat het nie behalwe deur sy Woord wat reeds op skrif was.

Maar die Here is getrou en waaragtig. Hy vergeet nie wat Hy belowe het nie, al is dit al soveel jare en baie eeue nadat Hy die belofte gemaak het. Waar die Here in die dae van Maleagi opgehou het, begin Hy weer by die aanbreek van die nuwe bedeling. In Maleagi het die Here sy wil aangaande die offers by die tempel opnuut bekend gemaak aan die gelowiges wat teruggekeer het uit die ballingskap. Maar die Here gaan verder. Hy maak ook bekend dat daar een sal kom wat die pad vir die Here sal regmaak. Hierdie een is Elia en na hom kom die Here self na sy tempel toe.

Wanneer die Here dan na vier honderd jaar weer praat, gebeur dit by die tempel en die Here maak sy Woord aan 'n priester bekend wat besig is om die wierookoffer tydens die gebed te bring. Met die aanbreek van die nuwe bedeling vind daar nie 'n breuk met die diens aan God van die ou bedeling plaas nie. Dit is immers dieselfde Here wat nog aanbid word, nog dieselfde Here wat sy Woord laat hoor, nog dieselfde Here wat destyds beloftes gemaak het, nog dieselfde Here wat hierdie beloftes gaan waar maak.

Broers, susters en kinders, die hele gelese gedeelte in Lukas jubel en juig oor die genadewerk van die Here. Ja, die wêreld was inderdaad in hierdie tyd deurmekaar. In Juda het 'n afstammeling van Esau op die troon gesit – Herodes. Die heidene van Rome het hom aangestel as koning oor die Jode. Die godsdienstebeleving in Juda was maar op 'n baie lae vlak. Ons sien dit in die wyse waarop die hoëpriester, skrifgeleerdes en Fariseërs in hierdie tyd aangegaan het. Godsdienstig was daar 'n muwwe doodsheid onder die volk van God. En in die res van die wêreld het die mense gesoek na 'n ware verlosser, want die heidense afgode was nie meer in aansien by die mense nie. Geoordeel na die omstandighede in die wêreld het alles maar beroerd gelyk.

En tog was dit nou die tyd van God se genadewerk. Na al die eeue het die tyd aangebreek waarop die Here genade aan sy volk gaan bewys. Uiteindelik gaan die nageslag van die vrou gebore word wat die slang se kop gaan vermorsel. Van die eerste keer af dat die Here ons God hierdie belofte nog aan Adam en Eva in die paradys gemaak het, het die gelowiges met verlange uitgesien dat hierdie belofte waar word, en hulle het gebed dat dit waar word. Op grond van die Here se belofte het hulle gesmeek dat Hy die vertroosting moet stuur sodat die stukkend geskeurde verhouding tussen God en die mense herstel kan word. Daarom laat die Here sy belofte juis in die uur van die gebed hoor. Net wanneer Sagaria besig is om vir die volk en vir homself by God in te tree, hoor hy die woorde: **jou gebed is verhoor** (Lukas 1:13 AFR83) – die gelowiges se gebede is verhoor. Die tyd van genade het nou aangebreek.

Maar die jubeltone klink nog helderder as dit. Dit is die Here wat bepaal het wat ouers hulle kinders sal noem. Joodse kinders het familie name gekry. So het dit gekom dat hierdie priester *Sagaria* genoem is en sy vrou *Elisabet*. Met die naam *Elisabet* openbaar die Here dat Hy getrou en waaragtig is; Hy hou sy woord. Dit is immers die betekenis van Elisabet – *God is haar eed*. God se woord is soos 'n eed wat gesweer is. Dit sal waar word. En in die naam *Sagaria* openbaar die Here dat Hy onthou. Hy is die Verbondsgod wat sy Woord nooit vergeet nie. *Sagaria* beteken dan *die Here gedenk of die Here onthou*. Die tyd het immers nou aangebreek dat Hy sy beloftes onthou en waar maak deur sy Seun wat Hy na hierdie wêreld gaan stuur.

Die Heilige Gees getuig ook aan ons dat *Sagaria* en *Elisabet* voorbeeldig gelewe het, nie net in die oë van die mense nie, maar waarlik onberispelik in die oë van die Here.

Hulle was albei getrou aan die wet van God en het onberispelik al die geboorte en voorskrifte van die Here onderhou. (Lukas 1:6 AFR83)

Dit is inderdaad groot genade van die Here dat hulle te midde van al die chaos in die wêreld gehoorsaam aan die Heilige Gees die Here steeds bly verwag het en steeds getrou gebly het aan God. Maar dan hoor ons iets teleurstellend:

Hulle het geen kind gehad nie omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was albei reeds op ver gevorderde leeftyd. (Lukas 1:7 AFR83)

Met hierdie aanvanklike teleurstelling gryp die Heilige Gees ons aandag vas. Die nuwe bedeling begin net soos die ou bedeling met Abraham. Ook Abraham en Sara was reeds baie oud en Sara was ook onvrugbaar, maar dit het die Here nie gekeer om 'n nuwe begin met die mensdom destyds te maak nie. Uit Abraham en Sara is Isak gebore uit wie die Here die volk Israel later laat groei het. Soos destyds met Abraham sê die Heilige Gees weer vir ons: God gaan lewe uit die dood opwek deur sy vrye en magtige genadedaad. Na 'n wêreld wat weggesterf het, na 'n ten dood verdoemde wêreld kom God uit genade om in sy almag lewe uit die dood te skenk.

Geliefdes, *Sagaria* en *Elisabet* is deur die Here uitverkies om die ouers te wees uit wie die een gebore moet word wat vir die Here die pad sal regmaak. Uit hulle moet die een gebore word wat met dieselfde gees en krag as *Elia* optree. Daarom het die Here dit ook so bewerk dat *Sagaria* op hierdie spesifieke tydstip in Jerusalem sal wees en dat hy deur die lot aangewys is om die wierookoffer tydens die gebed te bring.

Sagaria was in die stam Levi en uit die nageslag van Aäron. Net Aäron se nageslag mag priesters wees. Na berekening was daar om en by 20 000 priesters in Israel. Hulle is in 24 groepe verdeel. *Sagaria* het tot die diensgroep van *Abia* behoort. Elke diensgroep het 'n week lank diens by die tempel verrig. Maar omdat daar so baie priesters was, moes met die lot beslis word wie watter taak vir die dag sal verrig. En 'n priester sou miskien net een keer in sy lewe die geleentheid kry om die wierookoffer te bring. Die lot is inderwaarheid 'n gebed tot God om die priester aan te wys wat 'n spesifieke taak moet vervul. So het die Here dan met die lot vir *Sagaria* aangewys om die wierook op die altaar in die tempel te gaan brand.

Nadat die aandoffer gebring is, het *Sagaria* in die heilige deel van die tempel ingegaan met die wierook. Hy het toe die wierook op die wierookaltaar gebrand terwyl die gelowiges buite die tempel in die voorhof tot God gebid het. Die lieflike wierookgeur wat so opgestyg het, simboliseer die gebede van die volk wat na die Here toe opstyg. Terwyl die wierook brand, het *Sagaria* ook gebid. Hy het vir die volk gebid en vir homself en sy vrou ook. Hy het immers net hierdie een geleentheid in sy lewe om hier in die tempel tot God te kan bid. Wat 'n heerlike voorreg.

Skielik het daar toe 'n engel van die Here aan hom verskyn. *Sagaria* het geskrik, want hy het geweet dat dit 'n engel is wat hier by hom staan. Alhoewel hy 'n gelowige en 'n priester is en alhoewel hy

onberispelik voor die Here lewe, weet hy dat hy steeds net 'n sondige mens is. Daarom het daar 'n heilige vrees oor hom gekom toe hy die engel sien. Hier staan 'n heilige boodskapper van die heilige God self en Sagaria is maar net 'n ou priester en 'n sondaar.

Die eerste evangeliewoorde wat Sagaria van die eerste evangelieverkondiger hoor, is:

Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor (Lukas 1:13 AFR83).

Hierdie gebed van Sagaria is natuurlik sy gebed om die skande van hom en sy vrou weg te neem deurdat die Here aan hulle 'n kind sal gee. Maar hierdie gebed van Sagaria is beslis ook die gebed om die koms van die Verlosser van die mense. Dan verkondig die engel die goeie boodskap. Elisabet sal 'n seun vir Sagaria in die wêreld bring en hy moet Johannes genoem word. Die Here se genadetyd het inderdaad nou aangebreek. Johannes beteken *die Here is genadig*. Johannes is die een wat die pad vir die Here sal regmaak. Met die krag van die Heilige Gees sal hy die volk van die Here voorberei vir die koms van die Verlosser.

Geliefdes, op hierdie evangeliebodskap verwag ons gelowiges dat Sagaria met lof en danksegging teenoor God sal uitbreek. Maar dan gebeur die onverwagte. Sagaria sê vir die engel:

Waarom sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my vrou is al op ver gevorderde leeftyd.
(Lukas 1:18 AFR83)

'n Amen of 'n halleluja sou verseker gepas wees, maar nou is daar 'n vraag op so 'n nugter en saaklike manier. Sagaria het die vrees van vroeër oorwin en praat met vrymoedigheid.

Dat Sagaria vra waarom hy dit sal weet, is egter nie die probleem nie. Baie gelowiges het al in die verlede tekens gevra as 'n bevestiging van die Here se Woord. Abraham het dit gevra toe hy gehoor het dat sy nageslag die land sal besit. Gideon het somer twee maal 'n teken van die Here gevra. Moses het 'n teken gekry sonder dat hy daarvoor gevra het. Ons het die tekens van die sakramente waarmee die Heilige Gees ook aan ons bevestig dat Christus waarlik vir ons versoening gedoen het by God.

Nee, dit gaan nie oor wat Sagaria vra nie, maar oor hoekom hy dit vra. Dit gaan oor die gesindheid agter Sagaria se vraag. Die engel ontbloot Sagaria se reaksie op die goeie boodskap as ongeloof. Ongeloof kan 'n mens blatant in die gesig spring of dit kan vermom kom soos hier. Sagaria is nie eers bewus dat hy 'n opstandige ding gedoen het nie. Hy is mos gehoorsaam aan die Here. Maar Sagaria is steeds 'n sondaar.

Uit Sagaria se omstandighede kan ons aflei dat hy as 'n gelowige tot God gebid het vir 'n kind by sy vrou. Hulle het baie daarvoor gebid, maar nie gekry waarvoor hulle gevra het nie. Tog het hy aangehou bid omdat hy gemeen het dat God hom, 'n gehoorsame gelowige, nie in die skande sou los nie. Maar die antwoord het uitgebly. Toe dit naderhand lyk asof die verhoring van sy gebed nie meer natuurlik moontlik is nie, het hy om 'n wonder gebid. Maar toe die ouderdom hom en sy vrou ingehaal het, het hy homself afgevra of dit nie tevergeefs was om so aan te hou bid nie. Hy het naderhand gedink dit kan nie gebeur nie, want God wil nie dat dit gebeur nie. En uiteindelik het Sagaria ook maar daarvan vergeet, nie meer vir 'n kind gebid nie.

En nou sê die engel: Jou gebed is verhoor. Hierdie woorde maak die twyfel en ongeloof in Sagaria los wat hoorbaar word in die oënskynlik onskuldige vraag. Waarom sal ek dit weet? Ek en my vrou is albei al oud. Dit kan tog nie meer gebeur nie. Geliefdes, met hierdie ontbloting van Sagaria se ongeloof in die vraag leer ons dat iets wat nie uit geloof gedoen word nie, hoe goed dit ook al is, sonde is. Die mens wat na wysheid soek, doen goed. Maar as hy dit nie uit geloof doen nie, naamlik met die erkenning dat God die waarheid is nie, doen hy sonde. Die mens wat liefdadigheid doen, doen goed. Maar as hy dit bloot ter wille van die mens doen sonder om aan God die eer te bring,

doen hy sonde. As enigiets wat ons doen nie uit ons geloof in God spruit nie, is dit sonde in die Here se oë.

God se Woord alleen behoort genoegsaam te wees om die mens tot geloof te oortuig. Maar nou is dit nodig dat die engel moet sê: Ek is Gabriël, wat in diens van God staan.

Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding vir jou te bring.
(Lukas 1:19 AFR83)

Hierdie woorde van die engel weergalm van verontwaardiging oor die beledigde majesteit van God. Eers was Sagaria met vrees vervul, maar nou praat hy asof die evangelie-boodskap nie waar kan wees nie, asof God met mense speletjies sal speel.

'n Mens sou versagende omstandighede vir Sagaria wou aanvoer. Hy is so lank al beproef. Die boodskap het so onverwags gekom. Sagaria is deur die verskyning van die engel van stryk gebring. Maar daar kan nog meer verswarende omstandighede aangevoer word. Sagaria is 'n priester. Hy het baie maal hierdie saak aan die Here opgedra. Hy staan nou in die tempel, digby die Here. Hier staan Gabriël, 'n engel van die Here, wat sê: Jou gebed is verhoor. Hy verkondig die evangelie aan Sagaria. Daar is nie versagting vir Sagaria nie. Wie die Woord van die Here betwyfel, betwyfel die Here self. Wie die prediking van die Woord verwerp, verwerp Hom wat die prediker gestuur het.

Daarom volg daar tug vir Sagaria. Jy sal swyg, Sagaria, en nie kan praat nie. Met jou tong het jy oortree, aan jou tong word jy getug. Sagaria word self die teken waarna hy gevra het. Hy is 'n swyende priester. Hy is in sy diens geskors. Hy sal nie die goeie tyding nou kan verkondig nie totdat alles gebeur het soos wat die engel dit aangekondig het.

As Sagaria dan uiteindelik weer uit die tempel uitkom, staan die gelowiges daar en wag op die seën van die Here. Dit is wat Sagaria moet doen na die wierookoffer. Hy moet die volk van die Here met die Here se seën wegstuur. Wagtend staan die skare. Sagaria hef sy hande op. Hy probeer nog sy diens afsluit, maar hy kan nie. Hy beduie maar het stom gebly. Toe Sagaria moes swyg, het hy ongelowig gepraat. Noudat hy gelowige wil praat, kan hy nie.

Broers, susters en kinders, deur die Heilige Gees het elkeen van ons die voorreg om gereeld en aanhoudend die goeie tyding van Jesus se koms na hierdie wêreld te hoor. Ons deel in die genade om deur God vrygespreek te wees op grond van Christus se gehoorsaamheid, dood en opstanding. Jubel jy daaroor? Getuig jy daarvan? Glo jy dit waarlik? Of swyg jy daaroor? Is jy skaam om 'n kind van die Here genoem te word? Betwyfel jy God se genade aan jou? Die Here laat Hom nie deur ons ongeloof keer nie. Elisabet het swanger geword. Maar ons beroof die Here van sy eer. Ons beroof ons naaste van die seën van die Here. En ons beroof onself van die vreugde en blydschap in die Here as ons in ongeloof twyfel en sodoende die Here se majesteit beledig. Die Here is betroubaar. Hy onthou wat Hy belooft het en Hy doen wat Hy belooft het. Glo dit, en juig tot eer van God.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 14-3:3, 4 (nuut)

- 3 Staan altyd onbeweeglik vas, / omgord met waarheid, onbevrees;
geregtigheid as borsharnas / – laat Woorddiens julle skoene wees!
As skild neem die geloof / om brandpyl uit te doof,
verlossing om te weer, / om vir die kop te keer. /En neem die Woordswaard van die Gees.
- 4 Stry altyd biddend deur die Gees, / terwyl jul God van harte smEEK.

Volhard en laat jul bede wees / vir heiliges in elke streek.
En bid dat God se Woord / gepreek word soos dit hoort,
geheimenisse soet / vrymoedig en met moed / nou kragtig uit my boeie breek!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Desember 2012